Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2015

# REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 11 bladsye.

## AFDELING A

### VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | A ✓ | *Crop* | (1) |
| 1.2 | B ✓ | *URL* | (1) |
| 1.3 | A ✓ | *Firewall* | (1) |
| 1.4 | B ✓ | *hoax* | (1) |
| 1.5 | C ✓ | biometriese | (1) |
| 1.6 | D ✓ | *Malware* | (1) |
| 1.7 | B ✓ | ŉ lisensie benodig om gebruik te word. | (1) |
| 1.8 | D ✓ | Sirkelgrafiek | (1) |
| 1.9 | C ✓ | *Disk cleanup* | (1) |
| 1.10 | B ✓ | *Twitter* | (1) |
| | | | **[10]** |

### VRAAG 2: PASITEMS

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | J ✓ | AUP | (1) |
| 2.2 | M ✓ | *FireWire* | (1) |
| 2.3 | B ✓ | *UPS* | (1) |
| 2.4 | I ✓ | *cookie* | (1) |
| 2.5 | L ✓ | *Input mask* | (1) |
| 2.6 | G ✓ | *Aspect ratio* | (1) |
| 2.7 | O ✓ | Sekondêre geheue | (1) |
| | | (7 x 1) | **[7]** |

### VRAAG 3: WAAR/ONWAAR-ITEMS

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | ONWAAR ✓ - **ROUTER** is ŉ netwerktoestel wat gebruik word om twee of meer netwerke aan mekaar te koppel. ✓ | (2) |
| 3.2 | WAAR ✓ | (1) |
| 3.3 | F ONWAAR ✓ - **WEBBLAAIER** is die beste program om ŉ HTML bladsy te vertoon. ✓ | (2) |
| 3.4 | WAAR ✓ | (1) |
| 3.5 | ONWAAR ✓ - **DOTX** is die lêeruitbreiding van ŉ *Microsoft Word*-templaat. ✓ | (2) |
| | | **[8]** |

**TOTAAL AFDELING A: 25**

## AFDELING B

## VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË

4.1 4.1.1 Enige TWEE van: ✓✓

- Tabletrekenaars het raakskerms as invoertoestelle, skootrekenaars gebruik sleutelborde en muis.
- Tabletrekenaars is ligter en kleiner as skootrekenaars.
- Tabletrekenaars het dikwels kleiner geheuekapasiteit as skootrekenaars.
- Skootrekenaars het ŉ vinniger prosesseringspoed.
- Tabletrekenaars se batterye het ŉ langer leeftyd as skootrekenaars.
- Die stoorkapasiteit van tabletrekenaars is kleiner as skootrekenaars.
- Skootrekenaars kan meer volledige programme as tabletrekenaars gebruik.
- Skootrekenaars kan gebruik word as alleenstaande toestelle terwyl tabletrekenaars dikwels addisionele rekenaarsisteme benodig. (2)

4.1.2 Enige TWEE van: ✓✓

- Dit is duurder as ŉ lessenaarrekenaar.
- Dit kan makliker gesteel word.
- Dit is baie duur om op te gradeer.
- Dit neem lank en is duur om te herstel. (2)

4.1.3 Enige EEN van: ✓

- Die gebruiker kan direk met die skerm kommunikeer.
- Ideaal vir vinnige rekenaarwerk op kleiner skaal.
- Batterye hou langer.
- Kleiner/ligter om mee te werk/draagbaar.
- Kan handskrif na getikte teks omskakel. (1)

4.2 4.2.1 ŉ Sagteware 'bug' is ŉ programmeringsfout in die kode van ŉ rekenaarprogram wat ontstaan wanneer die sagteware ontwikkel word. Dit is nie ŉ virus nie. ✓ (1)

4.2.2 'Patch': opdatering om ŉ spesifieke 'bug' in sagteware reg te stel (het gewoonlik met die sekuriteit te doen).
'Service pack': dit is ŉ uitgawe van alle regstellings vir 'bugs' in ŉ program ASOOK alle nuwe kenmerke van die program sedert die eerste uitgawe van die program; dit word met gereelde tussenposes deur maatskappye uitgegee en is groter as 'patches'. ✓ (2)

4.3 4.3.1 Data kan verlore gaan/Veroorsaak dat data korrup raak. ✓ (1)

4.3.2 *Uninterrupted Power Supply* (UPS) ✓ (1)

4.4 4.4.1 Dit word gebruik om data te herwin indien die oorspronklike data verlore, beskadig of vernietig is. ✓ (1)

4.4.2 Eksterne hardeskyf ✓ (1)

4.4.3 ‘Archive’ verwys na die stoor van lêers wat staties is (wat onveranderd gaan bly) ✓ op ’n sekondêre stelsel of DVD. ✓

**OF**

‘Archiving’ is ’n proses waarvolgens jy lêers wat nie in die nabye toekoms gaan verander of gebruik word nie ✓ en skuif dit vanaf die hoofstelsel om spasie beskikbaar te maak. ✓ (2)

4.5 4.5.1 Voordeel: Hoër resolusie beteken hoër kwaliteit foto’s. ✓ (1)

4.5.2 Nadeel: Hoër resolusie beteken groter lêers wat meer stoorspasie opneem. ✓ (1)

4.6 4.6.1 Webgebaseerde e-pos is ’n diens wat jou toelaat om toegang tot jou e-posrekening deur middel van ’n webblaaier te verkry ✓ vanaf enige plek met Internettoegang. ✓ (2)

4.6.2 Enige EEN van: ✓

- Kan enige plek toegang tot web e-pos kry indien internetdiens beskikbaar is
- Web e-pos is gratis – betaal slegs vir internettoegang (1)

4.6.3 Jy moet aanlyn wees om jou e-pos te lees, te skep of te ontvang. ✓ (1)

4.6.4 ‘Message rules’ word gebruik om alle e-posboodskappe te filter soos hulle ontvang word. ✓

Dit stel jou in staat om geselekteerde e-posse te sorteer voordat hulle jou *inbox* land. ✓ (2)

4.7 Enige TWEE van: ✓✓

- ’n Laer resolusie verstelling van die skerm sal alles vergroot wat op die skerm verskyn.
- Die gebruik van ’n hoër kontrastema op die werkskerm laat die ikone duideliker vertoon.
- Indien die dikte van die merker wat flikker verander word, maak dit makliker om te sien waar dit is.
- ’n Sigbare alternatief vir die geluide wat die bedryfstelsel maak sal gehoorgestremde gebruikers se aandag vestig op stelselgebeure. (2)

4.8 Enige EEN van: ✓

- Stemherkenningsagteware kan gesproke woord na teks verander in gevalle waar gebruikers dit moeilike vind om te tik, bv. mense met geen arms of hande of beperkte gebruik van arms en hande, ens.
- Sommige programme herken gesproke woorde en tik dit dan soos die gebruikers praat.
- Die sagteware laat ook toe dat gebruikers verbale instruksies aan die rekenaar of selfoon gee. (1)

**[25]**

## VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIEË

5.1 ʼn LAN is ʼn netwerk wat ʼn beperkte geografiese area dek. ✓
ʼn WLAN is bloot ʼn LAN wat opgestel word deur gebruik te maak van koordlose konneksie. ✓ (2)

5.2 Enige TWEE van: ✓✓
- Dit is moeiliker en duurder om te installeer.
- Die onderhoud is moeiliker en neem langer om te doen.
- Die sekuriteit kan minder effektief wees as dit nie reg bestuur word nie.
- Die sein kan deur elektronies of elektriese steurings onderbreek word.
- Soos wat meer rekenaars die netwerk gebruik kan die netwerk stadiger begin werk. (2)

5.3 Bedieners is meer kragtige rekenaars as kliëntrekenaars – hulle het meer hardeskyf spasie, RAM en ʼn vinniger prosesseerder. ✓ (1)

5.4 5.4.1 *NIC* is die fisiese konneksie tussen die rekenaar en die kommunikasiemedium. ✓ (1)

5.4.2 ʼn Modem is ʼn toestel wat dit moontlik maak om data vanaf ʼn rekenaar oor ʼn telefoonlyn te stuur. ✓ (1)

5.5 Sagteware wat gebruik word om webtuistes te besoek en daardeur te blaai. ✓ (1)

5.6 Enige TWEE van: ✓✓
- Maak seker jy het die besigheid se kontakbesonderhede.
- Maak seker die webtuistes is veilig.
- Let op vir sekuriteitswaarborge sowel as ʼn terugstuurbeleid op die webtuiste
- Maak seker van terme en voorwaardes (fyndruk).
- Kontroleer metodes van betaling en afleweringbesonderhede.
- Hou rekord van alles wat jy bestel en op reserwe plaas.
- Wees bewus daarvan dat as jy goed van buiteland bestel jy invoerbelasting ook moet betaal.
- Gee slegs kredietkaartbesonderhede en nooit jou PIN of ander bankbesonderhede nie. (2)

5.7 Enige EEN van: ✓
- Op hoogte van sake bly sonder om elke keer die webwerf te besoek.
- Tyd bespaar deur nie elke webtuiste afsonderlik te besoek nie.
- Privaatheid beskerm aangesien jy nie vir e-pos nuusbriewe hoef in te teken nie. (1)

5.8 Enige TWEE van: ✓✓
- Toegang tot data is beskikbaar vanaf enige rekenaar met Internetkonneksie.
- Spasie op jou rekenaar se harde skyf kan bespaar word.
- Jy het altyd ʼn opgedateerde weergawe van programme.
- Deel van lêers is baie makliker. (2)

5.9 Om Internetkonneksie aan kliënte teen ʼn maandelikse fooi te verskaf. ✓ (1)

5.10 FTP maak dit moontlik om groot hoeveelhede data vinnig en op effektiewe manier oor die Internet te versend. ✓ (1)

**[15]**

## VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

6.1 6.1.1 Enige TWEE van: ✓✓

- Dit is makliker vir deelnemers om vanaf opsies te kies.
- Makliker om data in te lees.
- Makliker om die data te prosesseer deur middel van ŉ sigblad.
- Die doel van die vraelys kan aangepas word volgens die behoefte van die navorsing. (2)

6.1.2 Enige TWEE van: ✓✓

- Behoorlike inleiding tot die vraelys sodat deelnemers weet wat die doel van die vraelys is.
- Vrae moet kort en op die man af wees.
- Bedank die deelnemers vir hul deelname aan die einde van die vraelys.
- Maak ook voorsiening om basiese inligting van deelnemers soos hul name, ouderdom, ens. te bekom. (2)

6.2 Enige EEN van: ✓

- Publikasies
- Onderhoude
- Elektroniese media (1)

6.3 Om ŉ ander persoon se woorde/kennis te gebruik en dit as jou eie aan te bied. ✓ (1)

6.4 Data is ongeprosesseerde feite. ✓
Inligting is geprosesseerde data wat sin maak. ✓ (2)

6.5 'Append' verwys na die byvoeging van rekords tot ŉ bestaande tabel in ŉ databasis deur dit in die bestaande tabel in te voeg. ✓ (1)

6.6 Die inhoud daarvan kan nie geverifieer of aan enige outoriteit toegedig word nie. ✓ (1)

**[10]**

## VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

7.1 Enige EEN van: ✓

- Joystick
- Raakblad/Trackpad
- Raakskerm (1)

7.2 Deur van Kensingtonslotte gebruik te maak ✓ (1)

7.3 Enige TWEE van: ✓✓

- Skakel toestelle af wanneer nie in gebruik nie.
- Maak gebruik van '*energy star*'-toestelle.
- Gebruik LED-monitors wat minder elektrisiteit gebruik.
- Pas die helderheid van die skerm aan vir minder elektrisiteitsverbruik.
- Stel jou rekenaar op *SLEEP/HIBERNATION*-modus wanneer daar vir ŉ tyd geen handeling was nie. (2)

7.4 7.4.1 Sosiale manipulasie is ŉ manier om konfidensiële inligting van ŉ persoon self te verkry eerder as om by ŉ rekenaar in te breek. ✓ (1)

7.4.2 Enige EEN van: ✓
- Skandeer e-pos-aanhegsels voor jy hulle oopmaak.
- Moenie e-posboodskappe oopmaak as jy nie die afsender ken nie.
- Moet nooit op skakels in e-posse klik as jy nie die bron vertrou nie.
- Moenie elke e-posboodskap glo nie. DINK voor jy iets doen.
- Moenie vreemdes naby jou data vertrou nie.
- Wees suspisieus en skepties oor aanbiedinge waar jy eers iets moet doen of gee voordat jy iets kan kry. (1)

7.5 7.5.1 Sagteware wat die manier waarop ŉ persoon sy rekenaar gebruik monitor. Die inligting word dan na derde partye gestuur om te gebruik sonder die gebruiker se toestemming. (1)

7.5.2 Enige TWEE van: ✓✓
- Dit word berig deur die *anti-spyware*-sagteware.
- Daar kan Internetaktiwiteite plaasvind wat nie deur die gebruiker geïnisieer is nie.
- Veranderinge gemaak aan Internetverstellings – nie deur die gebruiker nie.
- Die rekenaar werk drasties stadiger.
- Die gebruiker word na ŉ ander webbladsy geneem wanneer hulle probeer om ŉ spesifieke webbladsy te besoek.
- Baie '*pop-up windows'* verskyn. (2)

7.6 Enige EEN van: ✓
- Jy moet toegang tot die Internet hê.
- Verhoogde blootstelling aan identiteitsdiefstal en bedrog.
- Baie mense het vals inligting op hulle profiele.
- Verhoogde risiko van verlies aan produktiwiteit by werknemers.
- Kwantiteit van kommunikasie neem toe ten koste van die kwaliteit daarvan. (1)

**[10]**

## VRAAG 8: OPLOSSINGONTWIKKELING

8.1 ŉ Voetnota verskyn aan die einde van ŉ bladsy ✓ terwyl ŉ eindnota aan die einde van ŉ dokument verskyn. ✓ (2)

8.2 8.2.1 *Section break next page* ✓ (1)

8.2.2 *Styles* ✓ (1)

8.2.3 Enige EEN van: ✓
- Kan ŉ outomatiese inhoudsopgawe invoeg
- Verseker konsekwente formatering van ŉ dokument (1)

8.3 Bcc dui aan dat 'n kopie van die e-pos ook aan die mense gestuur word wie se e-posadresse in hierdie veld verskyn. Die ontvangers sal egter nie weet dat 'n afskrif van die e-pos ook aan die persone gestuur is nie. ✓ (1)

8.4 8.4.1 *Wrap text/Text wrap* ✓ (1)

8.4.2 *Small* ✓ (1)

8.5 8.5.1 Kolom is nie wyd genoeg nie. ✓ (1)

8.5.2 Wanneer 'n selverwysing, wat nie langer geldig is nie, in 'n funksie/formula gebruik word. ✓ (1)

8.6 8.6.1 *Accommodation*. ✓ (1)

8.6.2 Enige EEN van: ✓
- Maak gebruik van 'n *List Box*
- *Validation Rule* (1)

8.6.3 Query ✓ (1)

8.6.4 Dit word gebruik indien jy 'n objek soos 'n prentjie of 'n sigblad wat outomaties opdateer in die databasis wil invoeg. ✓ (1)

8.6.5 Jy kan die **Required**-eienskap gebruik om te spesifiseer of 'n waarde in die veld ingevoeg moet word of nie. ✓
Indien die eienskap op 'Yes' gestel is, dan moet daar 'n waarde in daardie veld ingevoeg word wanneer jy 'n rekord inlees. (1)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 75**

## AFDELING C

### VRAAG 9: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

9.1 9.1.1 4 GB ✓ (1)

9.1.2 Geheue hou programme en data/lêers slegs tydelik terwyl dit geprosesseer word. ✓
Die harde skyf (stoor) hou alle programme en data permanent terwyl hulle nie in gebruik is nie. ✓ (2)

9.1.3 Enige EEN van: ✓
- Geheue is elektronies, stoor is magneties, opties of elektronies.
- Geheue bied vinnige toegang, stoor werk stadig.
- Geheue is duurder per GB, stoor is goedkoper per GB. (1)

9.2 9.2.1 Aanlynstoor verwys na stoorspasie op ŉ stoormedium wat aan ŉ bedienerrekenaar op die Internet gekoppel is. ✓ (1)

9.2.2 Enige TWEE van: ✓✓
- Toegang vanaf enige plek vanaf enige toestel met Internettoegang.
- Veranderings word op een plek gemaak en alle toestelle het altyd die nuutste weergawes van data.
- Rugsteun en sekuriteit word deur die maatskappy wat stoorspasie voorsien verskaf.
- Maklik om lêers met ander mense te deel.
- As jou rekenaar gesteel of beskadig word, kan toegang tot data steeds verkry word. (2)

9.2.3 Enige TWEE van: ✓✓
- Slegs toeganklik deur middel van die Internet.
- Sommige data kan onbruikbaar wees oor stadige konneksies.
- Jy betaal vir die stoor van data en die koste van oplaai en aflaai van data.
- As die maatskappy bankrot raak, verloor jy al jou data. (2)

9.3 ŉ Ooreenkoms dat enige herstelwerk aan die rekenaar op die perseel waar die skootrekenaar is, gedoen sal word. ✓ (1)

9.4 Die DVD het twee lae waarop daar geskryf kan word✓ wat beteken dat dit twee keer soveel stoorspasie het. ✓ (1)

9.5 9.5.1 Die drukker het koordlose vermoëns. ✓ (1)

9.5.2 Dit is ŉ aanduiding van die maksimum aantal bladsye wat per maand gedruk kan word ✓ sonder dat die drukker moeilikheid gee of breek. ✓ (2)

9.5.3 Enige TWEE van: ✓✓
- Dit neem minder spasie op as drie of vier aparte toestelle.
- Dit is goedkoper as om die toestelle apart aan te koop.
- Dit voorsien veelvuldige funksies soos skandering, kopiëring en faks in slegs een toestel. (2)

9.6 9.6.1 ŉ Raakblad is ŉ reghoekige druksensitiewe area op ŉ skootrekenaar wat in die plek van ŉ muis as toevoertoestel dien.

**OF**

ŉ Klein druksensitiewe area wat gebruik word as wysertoestel op skootrekenaars. (1)

9.6.2 Enige EEN voordeel van ŉ raakblad: ✓
- Geen addisionele hardeware word benodig..
- Geen gesukkel met drade.
- Meer ergonomies – verhoed RSI, ens.

Enige EEN nadeel van ŉ raakblad: ✓
- Reageer stadiger as ŉ optiese muis nie geskik vir presiese toevoer nie.
- Linker- en regterknoppie is moeiliker om te gebruik vanweë hulle ligging.
- Benodig ŉ plat oppervlak om te gebruik.
- Nat, sweterige vingers kan die seine belemmer, ens. (2)

9.7 Die vermoë om drie verskillende tipe geheuekaarte te lees bv. Mikro SD/SD, ens. ✓ (1)

9.8 9.8.1 Stelselsagteware/Bedryfstelsel ✓ (1)

9.8.2 Enige TWEE van: ✓✓
- Bestuur al die hardeware en sagteware van die rekenaar.
- Gee instruksies aan die rekenaar om basiese take af te handel.
- Verskaf ŉ gebruikerskoppelvlak aan verbruiker.
- Hanteer sekuriteit (met behulp van wagwoorde), ens. (2)

9.9 9.9.1 ŉ Kantoorpakket is ŉ kombinasie van programme wat algemeen in kantore gebruik word ✓ wat as ŉ geïntegreerde eenheid verkoop word. ✓ (2)

9.9.2 Enige TWEE van: ✓✓
- Programme het dieselfde koppelvlak wat dit meer gebruikersvriendelik maak.
- Makliker integrasie tussen programme.
- Goedkoper as om programme afsonderlike aan te koop.
- Makliker om programme te installeer, ens. (2)

9.10 9.10.1 Die minimum hardeware en sagteware vereistes wat benodig word om ŉ program te installeer en te gebruik. ✓ (1)

9.10.2 Enige TWEE van: ✓✓

- Hoeveelheid beskikbare hardeskyf-spasie
- Hoeveelheid geheue beskikbaar
- Spoed van prosesseerder (2)

9.11 Enige TWEE van: ✓✓
- Om die kopie van die program met jou te verbind
- Om te verhoed dat dieselfde program op meer as een rekenaar geïnstalleer word
- Om jou as gebruiker van die program vir aanlyn-hulpdoeleindes te registreer
- Om die maak van roofkopieë te verhoed. (2)

9.12 9.12.1 Dit gebruik minder elektrisiteit. ✓ (1)

9.12.2 Enige TWEE van: ✓✓
- Moenie onnodig dokumente druk nie/drukvoorskou voor druk.
- Druk beide kante van die papier indien moontlik.
- Druk meer as een bladsy per blaai.
- Maak gebruik van elektroniese pos indien moontlik, ens. (2)

9.13 9.13.1 Ergonomika is ŉ studie van mense in hul werksomgewing. Dit is die ontwerp van toestelle sodat dit gemaklik en veilig is om te gebruik. ✓ (1)

9.13.2 Enige TWEE van: ✓✓
- Sagte sleutels
- Palm/gewrig rusplek
- Geronde sleutelbord
- Toegewyde sleutels vir funksies wat dikwels gebruik word (2)

9.14 9.14.1 Bluetooth/Infra rooi ✓ (1)

9.14.2 Enige TWEE van: ✓✓
- Kan maklik gesteel word.
- Duurder om aan te koop.
- Benodig batterye om te werk – kan duur raak.
- Kan van tyd tot tyd seinonderbrekings ondervind. (2)

9.15 Wanneer jou harde skyf vol raak, word dele van dieselfde lêers versprei oor die harde skyf wanneer jy dit stoor. ✓
Defragmentasie herorganiseer slegs die lêers op die harde skyf om dele van ŉ lêer weer saam te stoor sonder om hulle tot ŉ kleiner spasie te beperk om meer stoorspasie beskikbaar te maak. ✓ (2)

9.16 9.16.1 ŉ *Blog* is ŉ aanlyndagboek/ŉ *weblog* ✓ (1)

9.16.2 Enige DRIE van: ✓✓✓
- Hou jou *blog* vars en op datum.
- Daar moet interaksie met jou lesers wees – reageer op hul opmerkings.
- Die trant moet gemaklik, informatief en interessant wees.
- Gebruik opskrifte en beelde wat die oog vang.
- Jy moet opinies hê en dit duidelik stel.
- Sit skakels in na jou bronne en ander webtuistes.
- Maak seker dat daar geen spel- of taalfoute in jou blog is nie.
- Hou jou blog kort.
- Alles wat jy pos is in die publiek – wees versigtig wat jy sê en hoe jy dit sê. (3)

9.17 Enige TWEE van: ✓✓
- Vinnige, effektiewe kommunikasie
- Deel van hardeware bronne
- Sentralisering van data
- Oordra van lêers
- Ontspanning
- Verbeterde beheer en sekuriteit
- Gebruikers het toegang tot hulle data/lêers vanaf enige rekenaar in die netwerk (2)

9.18 Sagteware wat op slimfone en tabletrekenaars gebruik word. ✓ (1)

**TOTAAL AFDELING C: 50**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou